Skriflesing: 1 Johannes 4:7-21

Geliefdes van ons Here Jesus Christus. Al is ons as mense die kroon van God se skepping, kan ons uit onsself, nie God ken nie. Dit is slegs omdat God Hom aan ons openbaar het – bekend gemaak het – dat ons God kan ken. En die eerste manier waarop God Hom aan ons openbaar; die eerste wyse waarop die mens God leer ken, is as Vader. Onmiddellik wanneer ons sê 'Vader', impliseer dit mos kinders – nie waar nie? Wanneer óns dus van God die Vader praat, praat ons van God wat in 'n persoonlike verhouding met u en met my as 'sy kinders' wil staan. Juis daarom verbind ons God die Vader, aan die skepping van die mens. Hy as Vader, het die mens geskep, met wie Hy in 'n persoonlike verhouding wil staan.

God wil egter nie net in die persoonlike verhouding staan nie – Hy is ook bereid om van Sy kant af, dié verhouding in stand te hou – want die mens wil weer van sy kant af, nie altyd vir God ken nie. Dit is hoekom God die Vader Hom deur middel van 'n verbond aan Abraham verbind. En met die doop, loop daardie verbond deur tot vandag toe ook met ons. Met die verbond aan Abraham en die doop met ons – belowe God nóg stéédsdat Hy altyd ons Vader sal wees en óns, altyd Sy kinders.

Nou weet ons mos goed, Broeders en Susters en sien dit vandag nóg stéédsdat die mens van die begin af, sy rug op God gekeer het. Waar die mens na die beeld van God geskep is, het die mens die sonde gekies – en só die beeld van God in hom, verloor. God het getrou aan Sy verbond gebly, maar uit die Ou Testament leer ons, dat die volk van God telkens die rug op God en Sy gebooie gedraai het. God het aan die begin die lewe gegee, maar die mens het die lewe sónder God gekies – en dit is dus die dood.

God se liefde vir dié sondaar-mens is egter só groot – só onverstaanbaar groot – God nie wil toelaat, dat dié persoonlike verhouding met die mens verlore moet gaan nie. 1 Johannes 4:9 vertel, God bly getrou aan Sy verbond. Hy het weer 'n keer die mens tegemoet gekom – maar hierdie keer finaal: en dit doen God deur Jesus Christus. Jesus is God – maar in Jesus, kom God na hierdie aarde toe, in die voorkoms van 'n mens. Hy kom woon tussen mense; Hy werk tussen mense; Hy leef soos- en tussen mense – maar die heel tyd is dit God wat Homself al hoe meer, aan mense bekend maak. Om die persoonlike verhouding, wat God met die mens wil hê, in stand te hou, neem God al die straf vir die sonde op Hom. Daarom is Jesus se hele tyd hier op aarde, niks anders as lyding nie. Jesus, wat self God was, was bereid om vir die mens se onthalwe, 'n slaaf te word en die

mens se straf te dra. Daarom het Hy, nét soos ‘n tipiese misdadiger, aan ‘n kruishout gesterf.

Dit is hoekom ons sê God se Liefde is onverstaanbaar. Sy kruisdood – was die manier waarop God bewys het – hoe lief Hy die mens het! Jesus het dié swaarkry pad geloop en alles verdra, net sodat Hy weer vir die mens, die verhouding met God kon herstel. Dit was die hele doel van Jesus se geboorte en lyding op aarde. Daarom het Hy teruggevaar na die Hemel, om nou vir Sy kinders, ook plek te gaan gereed maak.

Steeds strek die liefde van God nóg vêrder. Hy wou ons nie alleen agterlaat, toe Jesus van hierdie aarde af opgevaar het nie. God stuur vir ons wéér iets van Hom, om by ons te wees en ons altyd te herinner, dat Hy nóg stéés die belofte van Sy verbond met Abraham instand hou – dat Hy nóg stéés die belofte van ons doop, ook teenoor óns instand hou: Hy stuur toe Sy Goddelike Krag – die Heilige Gees.

Hierdie Heilige Gees van God, kom oortuig u en my uit 1 Johannes 4:13:

- dat God ons nóg stéés liefhet, desondanks ons sonde;
- dat God ons nie aan onsself alleen oorlaat nie;
- dat Hy ons Skepper is en bly
- dat ons altyd aan Hom sal bly behoort
- dat Hy ons weer met God kom versoen het.

Net so min as wat ons God se groot liefde vir ons sal kan verstaan of verklaar, nét so min kan ons die omvang van God se Gees begryp en verstaan. Want hoor ‘n bietjie, wat gee God nog alles aan ons deur Sy Gees:

- Hy skenk aan ons die wedergeboorte – met ander woorde: Hy maak ons nuwe mense wat instaat is om God wel te kan dien en eer
- Hy skenk aan ons die gawe van geloof – waardeur ons in Jesus Christus kan glo en verlos kan word van ons sonde
- Die Gees van God werk elke dag in ons, sodat ons kan wéét, hoe om gehoorsaam voor God te lewe. D.m.v. Sy Woord, deursoek Hy ons lewens opsoek na sonde – die Gees maak ons bewus van daardie sonde, en help ons om dit voor God te bely. Dan oortuig die Gees ons vêrder, dat ons nie nou langer aan daardie sonde hoef te dink nie en ook nie moet aanhou om dit te pleeg nie – ons is vry en nuut, om weer voor God reg te lewe
- Die Gees gee dus in ons die krag, dat ons binne die verhouding met God kan lewe, soos wat God die verhouding wil hê

» Die Gees oortuig ons, dat ons tot in ewigheid, binne hierdie verhouding met God gaan lewe, daarom hoef ons niks-maar-niks te vrees nie.

1 Johannes 4:7-8 sê: God wat só handel as Vader, Seun én Gees, kan waarlik niks ander wees, as ‘n God van Liefde nie! Daaroor kan u en ek net juig – dat hierdie God van Liefde, na ons toe afbuig, en óns deel van Sy Liefde maak. U en ek het daarvan *niks* verdien nie, en daaraan *geen* aandeel gehad, dat ons dit moes ontvang nie!

Natuurlik plaas dit op óns ‘n bepaalde verpligting, noudat u en ek al hierdie dinge van God ontvang het. Hierdie verhouding wat God vir u en my moontlik gemaak het, en ons binne die verhouding met Hom geplaas het, moet tog seer-sekerlik die kenmerk dra van Sy Liefde? Daarom moet u en ek, in ál die verhoudinge waarbinne ons staan – of waarin u en ek betrokke is – ook die verhouding met God – moet ons die norm van God se liefde weerspieël. Dit moet tog nou blyk, dat u en ek in ‘n verhouding met God staan! En as jy in ‘n verhouding met God staan, sal jy voortdurend toelaat, dat God daardie verhouding in standhou; jy sal voortdurend God se teenwoordigheid opsoek, sodat Hy as Skepper en Onderhouer van Sy verhouding met jou, aan daardie verhouding kan verstel en regstel. Dan gaan jy na jou naaste, en jy bewys daardie liefde, soos God dit aan jou bewys het!

Geen wonder Johannes sê: iemand wat nou sê – dankie tog – God het my lief, maar hy haat weer ‘n ander mens – só ‘n mens, wéét nie wat liefde is nie en kan dan onmoontlik vir God liefhê. Jy kan nie maar net wil hóór dat God jou onbeperk liefhet, maar jy kan dit nie self gaan uitleef nie. Dan is dit nie net dat jy nie wéét <u>wat</u> liefde is nie; dan het jy boonop géén <u>kennis</u> van God nie. Jy staan dus die werk van God se Gees in jou teë. En as jy nie wil dat God in jou kan werk nie, kan daar in jou geen herskepping plaasvind nie en sal jy aan Sy heerlikheid geen deel hê nie.

Die wedergeboorte beteken, dat ek God se herskeppingswerk in my kan raaksien, wanneer ek selfs teen my wil en oortuiging, dít doen, wat God van my vra en verlang. Wie dus liefhet, bely nie alleen God as Drie-Enig wat betrokke is in sy/haar lewe nie; maar wys ook in jou verhoudinge teenoor ander mense, dat jy ‘n persoonlike verhouding met God het. En wie daardie persoonlike verhouding met God het, sal daagliks ervaar, dat God Drie-Enig Homself elke dag al hoe meer aan jou bekend maak. Wie dít ervaar, het reeds alles ontvang, wat nodig is!

Amen